Hoe om met 'n Pruisiese lus teen 'n paal op te klim

Graad R tot 12

Praktiese touwerk saam met ’n avontuur! Klim teen ’n paal op met ’n pruisiese lus.

Onderwerp: Touwerk en Avontuur

Stappe

1. Koop 4 meter tou (6 mm of dikker) of 4 meter lint (die soort wat deur rotsklimmers gebruik word).
2. Sny die tou/lint in twee 2 meter stukke.
3. Maak ’n lus met elke stuk tou deur die vissermansknoop te gebruik of met die lint deur ’n lintknoop ('water knot') te gebruik. (Sien webadres hieronder vir uitstekende animasies wat wys hoe om die knope te maak.)
4. Maak ’n pruisiese lus met elkeen van die tou/lint lusse om ’n paal van minstens 3 meter hoog.
5. Laat die kinders een-een opklim teen die paal deur ’n voet in elke lus te plaas. Die gewig van die kind kom in een lus en die ander lus word dan met die hand hoër geskuif. Verplaas dan die gewig na die hoër lus en skuif die ander een met die hand weer op. Herhaal tot bo.
6. Die afklim is net die omgekeerde met die lus sonder die gewig wat afgeskuif word.

Wenke

1. Indien die paal en/of die tou baie glad is, sal die lus afgly. Maak dan ’n 'dikker' pruisiese lus deur die lus meer as een keer om die paal te vat en deur homself te steek. Te veel keer omdraai sal dit natuurlik weer te moeilik maak om die lus te skuif so eksperimenteer maar met verskillende hoeveelheid draaie om die paal. Die gewig van die klimmer beïnvloed ook die hoeveelheid draaie wat nodig is.

Waarskuwings

1. Hou die kinders die hele tyd dop. Waarsku hulle vooraf dat hulle nie moet grappies maak nie! Indien ’n kind met sy hande die paal los sal hulle kop eerste agteroor val, want hulle voete is nog in die lusse! Staan dus agter die klimmer en laat net een kind op ’n slag klim per toesighouer.

Digitaal

1. www.animatedknots.com Climbing – Double Fisherman’s.
2. www.animatedknots.com Climbing – Water knot
3. www.animatedknots.com Search & Rescue – Prusik knot